

## GEWONE SPELLING VAN DIE GETRANSKRIBEEERDE STUKKE.

### 1. PSALM 91.

1. Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.
2. Ek sal tot die Here sê : My Toevlug en my Burg ! my God, op wie ek vertrou !
3. Want Hy sal u red van die strik van die voëlvanger, van die so verderflike pestilensie.
4. Hy sal u dek met Sy vlerke en onder Sy vleuels sal u vertrou ; Sy waarheid is 'n skild en beukelaar.
5. U sal nie vrees vir die skrik by nag nie ; vir die pyl wat by dag vlieg ;
6. Vir die pestilensie wat in die donkerheid wandel ; vir die verderf wat op die middag verwoes.
7. Aan u sy sal daar duisend val, en tienduisend aan u regterhand ; tot u sal dit nie genaak nie.
8. Alleen sal u dit met u oë aanskou, en u sal die vergelding van die goddelose sien.
9. Want U, Here ! is my toevlug ! Die Allerhoogste het u gestel tot u vertrek ;
10. U sal geen kwaad wedervaar nie, en geen plaag sal u tent nader nie ;
11. Want Hy sal Sy engele aangaande u beveel, dat hulle u in al u weë bewaar.
12. Hulle sal u op die hande dra, dat u u voet aan geen steen stoot nie.

### 2. UIT „MARTJIE.”

Jan Celliers.

Dis stil.

So 'n stilte wat hang en wat draal,  
of hy weet dat die middag nog lank is  
en hy heerskappy sal behou  
daar in die ou bome se skaad'wee.  
Onder die rusbank op stoep,  
sy lede rekkend van luiheid,  
lê Jafta, die huishond, te slaap,  
geterg deur die gonsende vlieë.  
Die tuinmuur langs, in die skaad'wee,  
daar skuil die hoenders byeen  
in klompies, swygend en gapend.  
Naby die klip, oor die voortjie,  
lê Adam, die otjie, in die water  
en dam dit op teen sy sye,  
—stilbrommend van innig genot,  
na rukkies van roerloos drome.

Stil is die lange huisgang  
—die sware voordeur geslote—,  
dofglimmend die donkere planke  
alleen waar dit lig deur die rete,  
wegduist'rend na agter in skeem'ring,  
in fluist'ring van vele geheime.  
Die tafel in die kombuis  
is blank geskuur vir die Sondag,  
en daar staan, in eensaamheid singend,  
die ketel op die gele komfoortjie.

Deur die half-geopende luikie  
 val skuins op die vloer, in die middel,  
 'n goudgerf van lewendende sonlig,  
 deurwemeld van drywende stoffies,  
 deurflits van die dartele vlieë  
 wat, gonsende ook op die ruite,  
 die dreune-deuntjie stem  
 van somer-namiddag-vrede.  
 Lui-kronkelend, ver en naby,  
 styg hier en daar uit die bome  
 'n blou en gesellige rokie,  
 van namiddag-koffie getuiend,  
 van vrind'like buurskap en vrede.  
 Aan die hek van die saailanderye,  
 rus eensaam die dam in die skaad'wee,  
 die hangende lower weerspieëlend  
 van omstaande dromende wilge;  
 eentonig en skel klink vandaar  
 die geluid van die singende besies,  
 in slepend en eindeloos skryne,  
 —soos lied van die warmte selwe.

## 3. SLAAP.

D. F. Malherbe.

Wat is die slaap 'n wondersoete ding!  
 Sag op haar bloue oë daal die vaak,  
 soos maneskyn diep waterkuile raak,  
 om daar te droom in silwerskemering.  
 Vir laas beef oor haar lippe 'n fluistering:  
 „Nag Pappie.” Ek merk hoe langzaam hy genaak  
 wat drome soet tot werklikhede maak . . .  
 in vaderarms rus my lieweling.  
 Sluit so my oë, God, wanneer vir my  
 U Engel wenk ter laaste, lange rus  
 en ek van wilde woeling hier moet skei;  
 dat my dan soete drome huistoe sus  
 en sterke Hand deur duisternisse lei. . .  
 Sluit so my oë, God, as ek gaan rus!

## 4. (1) DAE VAN DIE WEEK.

Sondag, Maandag, Dingsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, Saterdag.

## (2) MAANDE VAN DIE JAAR.

Januarie, Februarie, Maart, April, Mei, Junie, Julie, Augustus, September  
 Oktober, November, Desember.

## (3) TELWOORDE.

Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, ag(t), nege, tien, elf, twaalf, dertien,  
 veertien, vyftien, sestien, sewentien, agtien, neëntien, twintig, eenentwintig,  
 eenendertig, eenenveertig, eenenvyftig, eenensestig, eenensewentig, eenentag-  
 gentig, eenenneëntig, honderd, honderd-en-een, duisend-en-een, miljoen.

## 5. OKTOBERMAAND.

C. L. Leipoldt.

Viooltjies in die voorhuis,  
 Viooltjies blou en rooi!  
 Viooltjies orals op die veld,  
 En orals, ai, so mooi!

Dit is die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand:  
 Dan is die dag so helder, so groen is elke aand;  
 So blou en sonder wolke die hemel heerlik bo,  
 So blomtuintvol van kleure die asvaal ou Karo.  
 Dit is die maand Oktober: die varkblom is in bloei  
 Oor al die seekoegate is kafferskuil gegroei;  
 Die koppies, kort gelede nog as 'n klip so kaal,  
 Het nou vir welkomsgroetnis hul mooiste voorgehaal.  
 Dit is die maand Oktober: die akkerboom is groen;  
 Die bloekoms al die pad langs is almal nuutgeboen  
 En orals in die tuin rond ruik jy sering en roos,  
 Jasmyn en katjiepiering, lemoen en appelkoos.

Al was die dag soos yster, lank in die vuur gestee,  
 Die varings in die klofies deur hitte geel verbleek,  
 Tog as die son daaronder agter die berge gaan,  
 Dan word oor al die wêreld die mooiste geur geslaan;  
 Dit is die maand Oktober: die kokkewiet is uit;  
 Boomsingertjies en kriekies die hoor jy orals fluit;  
 Fiskaal is op die oorlog: daar onder by die sluis,  
 Daar is 'n dor ou doringboom sy spens en sy kombuis.  
 Dit is die maand Oktober: ek dink die mense vier  
 Vir ewig in die hemel Oktobermaand soos hier!  
 Wat wens jy meer as blomme, as helder dag en nag?  
 Wat kan jy beter, mooier, of heerliker verwag?

Ek is nog in Oktober: my tuin is nog so groen,  
 So wit met al wat mooi is, met bloeisels van lemoen  
 So pragtig in die môre, so heerlik in die aand!  
 Ek is nog in Oktober, die mooiste, mooiste maand!  
 Wat gee ek om die winter? Wat praat jy nou van Mei?  
 Wat skeel dit as ons later weer donker dae kry?  
 Ek is nou in Oktober, die mooiste, mooiste maand,  
 Met elke dag so helder, so pragtig elke aand!

Viooltjies in die voorhuis,  
 Viooltjies blou en rooi!  
 Viooltjies orals op die veld,  
 En orals, ai, so mooi!

## 6. AFRIKAANSE LETTERKUNDE.

D. F. Malherbe.

Die boustof van die Afrikaanse poësie is nasionaal. Wie kan dit ontken dat die Afrikaanse aarde met sy plantegroei en diere en mense aanskoulik daarin geteken is; dat die veldwind gedurig daaroor waai, soos hy byna onophoudelik sterker en swakker daaroor trek; dat die gras geur in somergroen of droewig verbleek in winterryf? En wat daarin pas, wilde en mak diere, die mense in hul boerbedryf, die ossewa, die roer, die tent, die Afrikaanse lewe—land en mense in hul mees kenmerkende eienskappe? Dit is geen toeval dat ons landskapskildering gewoonlik sy trekke uit die binneland-omgewing put nie; dat die Karo se eensaamheid, die veldatmosfeer van die hoogland, met sy donderstorm en heuwelrande en sy eindeloesheid, met sy sonskyn en



rein horison, in ons literatuur met blywende skoonheid geteken is nie. Geen toeval dat dit in die eerste klanke van die digkuns van die na-die-oorlogse beweging, in „Die Vlakte,” reeds met sterk lyne uitgebeeld is nie, soos in die inleiding van 'n boek, en daarna in nuwe en fyn vorme en skakeringe. Dit is omdat die hoogland die mees kenmerkende eienskappe van Suid-Afrika verteenwoordig; omdat die grootste gedeelte van Suid-Afrika hoogland en eensame veldwêreld is.

Die dun strokie langs die kus vorm 'n nietigheid in vergelyking met die eindelose veld- en gras-uitgestrektheid. Daarom is ons poësie so vol daarvan; daarom is dit sy lewenselement, die kenmerk wat Suid-Afrika 'n eie kleur gee en tot iets aparts maak.

Onwrikbaar staan ons poësie op 'n fondament van eie landskap-aanskouing, byna deurgaans gesien in algemene breë trekke.

#### 7. UIT „TREKKERSWEE.”

Totius.

Binne die huis is dit vandag  
nie al te rustig, want  
moeder en dogters moet bak en slag  
vir die groot fees van die land.

En dan—die Kaffers is so baar!  
„Daar staan die brood al uitgerys  
en die oond is koud! Dis werklik waar,  
'n mens moet hulle ook alles wys.

„In die ou kolonie had jy nog  
oorlamse skepsels, wat gou-gou leer.  
Wat het my man, met die lange tog,  
in vredesnaam tog gemankeer?”

Maar die dogters staan hulle moeders by  
met opgestrookte arm:  
dit knee die deeg en maak pastei;  
en die oond is ook al warm.

Die jong goed kan ook nie so ernstig wees,  
of 'n grap word tussen-deur gegôi:  
„Hierdie tert is nie vir die fees,  
maar vir Willem se takhaarnôi.”

Net sluip Willem weer deur die kombuis,  
langs 'n tamelike donker hoek:  
„Willem, wat loop jy so deur die huis,  
nes 'n hoenderhen wat lêplek soek?”

Hy swyg; verdwyn weer ongemerk;  
hy's met die saak verlee:  
die vrouens wat die wee bewerk  
(so dag hy) spot daarmee.

#### 8. OEMBASWANE.

Preller.

As eendag, in 'n ver-verwyderde verskiet, die Bantoe-rasse 'n stuk van Afrika regeer, sal Bantoe-meesters en Bantoe-leerlinge met gevoelens van trots die storie lees van Oembaswane, die wilde Zoeloe-kaptein, en sy braafheid jeens 'n verlore Boereuseun; want die geskiedenis is arm aan sulke gebeurtenisse.

Dit het voorgekom 'n halfjaar na die groot moord in Natal; maar die somerreëns had die moete van Veglaer se worstelperk nog nie uitgewis nie en die mense het nog gepraat van Piet Uys se dood en die heldedaad van Dirk, sy seun. Die posbodes was terug uit Kaapland, met die tyding dat Pretorius aankom; maar die Zoeloe-impies het nog altyd oorkant die Toegela rondgevaar, en die kommandante moes dag en nag op hul hoede wees teen oorrompeling.

Vroeg een more werd kommandant Hans de Lange met 'n sterke patrollie uitgestuur, in die rigting van die Oemgenie, nie ver van waar naderhand Pietermaritzburg gebou werd, om na te gaan of die Zoeloes nie dalk agter die laers omtrek nie; want daar was allerhande losse gerugte in omloop van Kaffer-voetspore wat gesien was, dwarsoor die pad naar Port-Natal; en niemand kon weet wat Dingaan se indoenas van sin was nie.

Met dagbreek was die patrollie uit die laer weggery, en hul was die eerste spruitjie onderkant al deur toe Ferdinand van Gas eers op sy perd styg om hul te volg. Hy was 'n seun van nouliks sestien jaar, die aangenome kind van Hercules Malan en sy vrou, tant Lenie. Maar sy pleegvader was saam met Retief vermoor; en hoewel tant Lenie baie lief was vir hom, wat sy eie moeder verloor het toe hy nog maar twee jaar oud was, het Ferdinand na die groot moord baie swaar gekry. Hul trekboerdery werd behartig deur 'n blanke kneg van die Malans, en dié het daarvoor gesorg dat Ferdinand al die ruwe werk verrig. Op die patrollie moes hy die man as agterryer vergesel; maar voordat hy kon wegom, moes hy die oggend nog eers klaar melk. Hy was egter 'n sterke kind, wat gesond opgegroeï het in die buitelewe, en het hom allerlei ontberings met opgewektheid laat welgeval.

Toe hy die patrollie inhaal, was hul al uit die gesig van die laer uit, en kommandant De Lange hou koers op so'n stywe pasgangetjie, in suidelike rigting, totdat hul teen die middag bo langs die Oemgenie aankom.

Op die rit daarheen het hul niks buitengewoons gewaar nie, en hier werd nou afgesaal en kos gemaak, terwyl die wakkere kommandant op 'n hoogte uitloop, om te spioen. So 'n patrollie bly gewoonlik 'n paar dae in die veld, sodat daar g'n haas was nie. Die wêreld was hier ruig begroei met doringbome, en aan die rivier en bergklowe het hoë houtbosse voorgekom, ongerep nog in hul maagdelike rykdom van reuse-geelhoutblokke en ander geboome, wat hoog opskiet en dig opmekaar staan, sodat dit 'n ware woud maak, waarin die sonlig nooit deurdring nie. 'n Weelde van wilde blomme, varings en slingerplante bedek die grond, wat slegs hier en daar deurkruis word deur die voetpaadjies wat die wilddiere en ongedierte maak.

Ferdinand en die ander agterryers moes die perde gaan water gee en dan op 'n geskikte plek in die nabyheid laat wei; en hul had die rydiere net van die water af weggekeer toe hul die roep van 'n heuningvoëltjie hier by hul verneem. Eers bly die ou vaal voëltjie sit in 'n naburige boom, onderwyl hy onafgebroke snater en roep; maar toe die kinders ongeneig skyn om gehoor te gee aan sy geroep, vlie hy tot digby hul, al fluitende, en laat dan weer so'n entjie vat, om telkens terug te kom en hul met nog meer volharding aan te lok.

#### 9. DIE STIGTINGSVERGADERING VAN DIE GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKANERS.

Von Wielligh.

Dit was Saterdag, die 14de Augustus, 1875, in die voormiddag. Die suidooster daal die hange van die Klein Drakensteinse gebergtes af, neem 'n vaart oor die vlaktes om stofwarrelings op die Pêrelse strate te maak; dit suis deur die toppe van die eikebome aan weersy van die Pastorielaning, waar die woonhuis van Oom Gideon Malherbe staan. In hierdie huis sou vandag 'n baie geheime vergadering plaasvind. Op die vasgestelde tyd loop een, of 'n paar mans in die laning, of oor die destydse ope pleintjie voor die huis, reguit na waar Oom Gideon woon. In sy wit drillingsbaadjie en wit



kurkhuoed ontvang hy die verwagte vrinde by die voordeur en lei hulle na sy ruim eetkamer, en elkeen neem sitplek om die groot eettafel. Saam met die gasheer was daar agt betreklike jong mans—ons kan amper sê, volgroeide seuns. Pieter Dempers, die sendeling van die Sions-gemeente het nog nie opgedaag nie. Die tyd om te begin was daar en so neem die werksaamhede sonder hom 'n aanvang. Aanwesig was: Gideon Jozua Malherbe (42 jaar), Casparus Petrus Hoogenhout (32 jaar), Daniël Francois du Toit (Oom Lokomotief, 29 jaar), Ds. Stefanus Jacobus du Toit (27 jaar), Daniël Francois du Toit (Dokter, 26 jaar), Petrus Jacobus Malherbe (Piet Borrie, 22 jaar), August Ahrbeck (24 jaar) en Stefanus G. du Toit (21 jaar).

## 10. IN DIE HOËVELD.

Van den Heever.

In die Hoëveld, waar dit oop is en die hemel wyd daar bo,  
 Waar kuddes waaigras huppel oor die veld,  
 Waar 'n mens nog vry kan asemhaal en aan 'n God kan glo,  
 Staam my huisie, wat ek moes verlaat vir geld.  
 En as ek in die gange van die myn hier sit en droom  
 Van die winde op die Hoëveld, ruim en vry,  
 Dan hoor ek die geklinkel van my spore, saal en toom,  
 Sawens as ek bees of skaap-toe ry.

Op die Hoëveld, waar dit wyd is, waar jy baie ver kan sien  
 (Die ylblou bring 'n knop dan in jou keel),  
 Staam my huisie nog en wag vir my, wag al 'n jaar of tien,  
 Waar die bokkies op die lei-grafstene speel.  
 Maar as die tering kwaai word en ek hoor die laaste fluit,  
 Dan sweef ek na die Hoëveld op die wind  
 En soek dan in die maanlig al die mooiste plekkies uit  
 Waar 'k kleiosse gemaak het as 'n kind.

## 11. DIE TRANSPORTRYER SE STORIE.

Leipoldt.

Toe ek die outjies vir die eerste maal gewaar, was my gedagte somer:  
 Wat maak hulle hier? Ek het gedink dat hulle somer êrens naby gelaer  
 was—miskien met hulle ouers agter die bult of so iets. En om uit te vind het  
 ek geskree;

„Wie is julle, kinders?”

Die twee was glad nie verbluf nie. Hulle het van die voorkis afgeklim  
 gou-gou en ewe handig, na my toe gekom, ewe bedaard en sedig, asof dit die  
 gewoonste ding in die wêreld was vir kinders om sommerso by 'n uitgespande  
 transportryer te kom kuier.

„Dag Oom,” het die seun gesê, en my sy hand gereik „Ek is Willie, en dië  
 een is Grietjie. En wie is oom, as ek mag vra?” „Ja, maar waar kom julle  
 vandaan? En wat maak julle hier?” het ek gevra, sonder om my eers  
 voor te stel. Ek het gedink dat hulle miskien verdwaal het.

„Ons kom van daardie kant,” sê die seuntjie, en met sy vinger wys hy na  
 die rigting van die bult waar die osse gewei het.

„So. Het julle daar uitgespan?” het ek weer gevra. „Nee,” die seun skud  
 sy kop en kyk rond. „Oom het mos baie waens. Waar is dan die ander  
 ooms, Oom? En het Oom Oom se roer?” „Ja, dis in my wa, daaragter,”  
 en ek wys na die voorste wa. „Waar is julle mense, seun?” „Daar, Oom,”  
 en die seun wys weer bult-toe. „Het Oom niks gekiet nie?” Hulle was  
 egte kinders, nuuskierig soos kinders is, en ek was bly om met hulle 'n bietjie  
 te praat. Die meisie het die koffiekannetjie in die oog gekry en was blyk-  
 baar in haar skik daarmee.

„Nee, seun, hier is mos niks om te skiet nie,” het ek geantwoord. „Ons het mos kos genoeg. Wil jy my roer sien?” „Asseblief, Oom.” Die seun se ogies straal: ’n mens kon sien dat hy baie meer belang in die roer gestel het as in die koffiekannetjie. Ek het my martienie voor die dag gebring, maar ek het glad nie verwag dat dit so ’n indruk op die kinders sou maak as wat die eerste sien daarvan gedoen het nie. Hulle het die geweer van onder na bo bekyk, met die grootste verbasing en nuuskierigheid, en het my daaromtrent uitgevra dat dit ’n naarheid was. Wat was dit? Wat was dat? Watter soort roer was hierdie nou? Wat was dan ’n patroon? Gebruik Oom dan nie buskruit uit die rooi bussies nie?

„Waar kom julle dan vandaan, seun,” het ek gevra, so half spotterig, „dat julle nie weet dat ons nie meer voorlaaiers gebruik nie? Ek skiet hiermee,” en ek wys vir hom ’n paar patrone wat ek uit my sak haal. Dit het nog meer verbasing by die outjies opgewek. Hoe ver kon die ding skiet? En hoekom op so ’n manier?

„Ag, waar het jy dan skoolgegaan, Willie?” vra ek. „Ken jy nie eers ’n martienie nie? Jy’s seker een van die dom Natalse seuns, hé?”

„Nee, Oom, ek is nie dom nie,” sê die seun, glad nie uit die pad geslaan nie. „Ek kan al lees en skrywe, baie beter as Grietjie. Ons kom van anderkant die rivier, Oom. Maar dit is wrintig ’n snaakse roer, hierdie. Toe tog, Oom, skiet asseblief daarmee, dat ons kan sien hoe die ding skiet.”

Ek het altyd sinnigheid in kinders en die tweekies het my aangestaan. Ek moet sê ek was glad nie oor hulle bekommerd nie. Ek het mos gedink hulle was kinders van een of ander familie wat daar agter die bult uitgespan was; netnou sal hulle teruggaan. Daar was tyd genoeg om met hulle te speel voordat ons skof begin. Maar die meisie se belangstelling in die koffiekannetjie en altwee se bleek gesiggies het my laat dink dat hulle miskien honger het. Ek het toe beskuit uit die agterkis loop haal en koffie ingesink.

„Wil julle nie iets eet nie, kinders?” het ek gevra. Altwee s kud diekop. „Nee Oom, dankie Oom. Maar skiet tog ’n paar skote, Oom, asseblief Oom.”

Toe het ek ’n patroon ingesteeek en op ’n klip op die bult gemik. Die twee het met die grootste belangstelling staan en aankyk. Na die eerste skoot moes ek nog een skiet. Die patrone het hulle gretig opgeraap, „om vir Tante te gaan wys,” het die meisie gesê. „En waar is Tannie?” het ek gevra, maar die enigste inligting wat ek kon kry, was dat Tannie agter die bult êrens was, veraf.

En net soos ek weer die patroon wou insteek, kom my kaffers oor die bult te voorskyn, terug met die osse. Die meisie het hulle eerste gesien, en sy het dadelik haar boetie se hand gegryp. „Ons moet loop, Willie,” het sy sommer gesê.

Ek was op die oomblik besig met die geweer en het nie na die kinders gekyk nie. Toe ek weer wou skiet, kyk ek op en sien geeneen van hulle nie. Altwee was spoorloos verdwyn. Ek was so verbouereerd dat ek na elke wa geloop het en gekyk of hulle nie miskien wegkruipertjie met my speel nie, maar nêrens was daar iets van hulle te sien nie. En om my was die leë vlakke van die veld, met die bult ’n half myl veraf. En van die kinders was niks te sien nie.

## 12. UIT „AMPIE.”

Jochem van Bruggen.

Ampie stamp sy simpel suster eenkant-toe:

„Gee pad van my plek af!”

„Ma, kyk vir Ampie!”

„Ampie, jy sal bars!” brom die ma, sonder om te roer.

Ampie sit so ewe houtpop langs sy pa, wat nou vrot tabakblare uit ’n kortsteelpyp rook en skelm sy goor ogies eenkant-toe gooi na sy seun, val agterdog.

„Was jy vandag by die wippe?”



„Ja, pa; en toe loop ek Kasper Booyse op die lyf, en hy vra my toe somar om by hom te kom werk.”

„Het hy jou gevra? Dan moet hy groot gebrek hê.”

„Pa, hy het my eintlik gesoebat; hy 't net lelik na my gevry; maar ek wou nie somar kop gee nie, en ek sê toe vir hom dat ek my pa eers moet vra, want ek is nog nie mondig nie.”

Nortjé voel aangedaan. „My kind, dis goed van jou; jy moet altoos na jou pa luister, dan sal jy nooit spyt kry nie.”

„Ja, pa,” sê Ampie, deemoedig, en vervolg:

„En toe het Kasper Booyse gesê dat ek pa sekerlik moet saambring om die akkoord te maak.”

„Ek dink ons sal darem die vark kan koop, ou seun, want Booyse kan dadelik betaal: hy is mos ryk.”

„Pa, en wat kry ek dan, pa?”

„Ampie, luister! Ek het 'n mooi plan. Ek gee vir jou al wat oor die vyf pond gaan, en dan koop jy vir jou daarvoor 'n kombers. Ek koop die vark en sal vir jou 'n karmenaadjie gee.”

En verder sit hulle doelloos om die vuurkan. Daardie seun van hom slaan hom vandag totaal dronk. Nortjé loer onderlangs vir Ampie, wat so sedig lyk as 'n koster. So gewillig was die kind nog nooit nie. Ampie het mak geword!

Ja, daardie wilde kind van die veld is op die oomblik mak. Van môre af is Kasper Booyse sy baas, en daarvandaan sal hy mondig wees—self 'n man, vry om te maak nes hy wil. Hy sal met Annekie hier langs kom, lekker by sy pa verbyry agter om Jakob, en sy pa sal niks kan maak nie. Dis of hy die toekoms daar in die vuurkan sien—so laat die gloed hom nou droom; en die wind waai so lekker om die murasie buite, of hy Ampie al wil saamneem vorentoe.

### 13. UIT „DIE MEULENAAR.”

Malherbe.

„Ek verstaan nie waarom jy dit gedoen het nie—ek ken jou mos nie so nie! Jy moet 'n ander mens geword het, Faans, om so iets te doen. In al die jare wat ons saam opgegroeï het, Faans, hoekom het ek nooit gesien dat jy kwaad geword het nie? Dat jy so woedend kan word . . . jousef so vergeet . . . dit is vreemd vir my. Wat is dit dan?”

„Dit is om jou ontwil . . . Leonore.”

„Om my ontwil?” Klink dit vreemd-vragend. „Sê my, waar het jy vandaan gekom? Toe ek gewaar, staan jy by ons.”

„Kyk, ek was mos bo in die granaatboom—dit was 'n lekker granaat wat ek aan geëet het—en toe kom julle daar aangestap oor die brug. En toe beledig Louw mos vir jou. Toe kon ek dit nie verdra nie. Om jou ontwil het ek kwaad geword . . .

Wie is hy dan om te maak of jou famielie nie goed is nie.

Is jou ouers dan nie so ordentlik soos syne kan wens om te wees nie? Is Oom en Tante dan nie eersteklas nie, dat hy moet praat van sy eersteklas famielie? Nee-a, stadig, hy moet sy mond van jou famielie afhou . . . nee-a, dit sal ek nie verdra nie . . .

„Om my ontwil het jy dit gedoen? Nooit moet jy om my ontwil 'n verkeerde ding doen nie. Louw het jou mos nie beledig nie. En kyk wat doen jy aan hom . . . jy ja hom weg soos 'n hond! Het jy gedink wat hy kan doen?”

„Ek is nie vir hom bang nie,” brom Faans.

„Stil, Faans, stil. Jy het Louw aangerand. En as hy nou vir jou gaan aangee? En jy voor die hof kom? En dit publiek word dat jy jou gedra het soos een wat nie reg is nie . . . ?”

„Dink jy Louw sal dit doen? Regtig, Leonore, dink jy dit? Maar ek het hom nie geslaan nie.”



„Jy het hom aangerand. Dink daaraan, Faans, wat 'n hartseer vir Pa en Ma en vir my. . . .”

„Het jy miskien vir Oom en Tante vertel?” vra hy haastig.

„Ek het nie. Maar luister. Ons het jou nie sulke maniere geleer nie. Kyk, die volk maak so vir mekaar—hulle rand mekaar aan—maar witmense, ordentlike witmense doen dit mos nie! Jy bring skande oor ons huis, Faans.”

Faans het seergekry.

„Dis waar, dis waar! As ek maar gedink het . . . . maar ek was so kwaad . . . .!”

„Maar daar is nog 'n ander ding. Jy weet mos dat die plaas ingehou is omdat Louw mooigepraat het en die geld vir Pa gekry het—jy weet dit.”

„Dis reg, ja,” sê Faans, en lewendig sien hy weer die vandiesietoneel, die vreemde mense op die werf en die plaasgereedskap onder die bome, en vir Oompie teen die boomstam—hoor hy Oompie gesels en sien hy hom wys na Louw en Marais daar anderkant teen die tuinmuur—kom weer in sy keel die gevoel van benoudheid wat hy diè dag gehad het.

„Nou vrees ek, Faans, dit gaan verkeerd loop. Louw sal hom wreek, soos hy ook laat verstaan het. En temeer nou dat jy hom so behandel het. En as hy dit regkry, en die geld word opgesê, wat dan? Wat word dan van ons?”

#### 14. UIT „DIE LIEGDUIWEL.”

Lion Cachet.

Maar ons het die jongkêrels op die kraalmuur al glad vergeet. Hulle praat anders hard genoeg. Hans haal uit wat hy het, en 'n paar jongmense het hulle pret daarin om Hans te laat vertel en te laat lieg. „Ons perde is net vet,” sê 'n jongkêrel. „Dis jammer dat die aasvoëls so baie kos moet kry as die vrektyd aankom. Op ons plaas vrek hulle net so erg as in Transvaal.”

„Praat jy van vrekte!” sê Hans, „jy moet eers in Marico kom. Toe ek verlede jaar daar was, is al ons perde dood, sodat ons met osse moes terug kom.”

„Jy moes beter opgepas het, Hans!”

„Oppas help niks,” sê Hans. „Een oggend gaan ons uit om te jag. Ons was ses man te perd. Dit was nog baie vroeg. Toe ons 'n ent gery het, sien ons 'n klein misbankie laag op die grond trek, sowat twee honderd tree breed. Ons moes dwarsdeur die mis heen. Oom Jakob, wat by ons was, sê toe vir ons: „Ons moet deur die mis ja, dis die ware perdesiekte.” Ons gooi ook toe plat en julle kan my glo of julle dit self gesien het, sewe dae later had vyf perde die perdesiekte. Net my perd, wat die vinnigste gehardloop het, het oorgebly.”

#### 15. INBOORLINGBESOEK.

Dit was byna 'n daaglikse gebeurtenis om inboorlinge dwarsoor die berge te sien kom, en reguit na die kantoor toe te sien pyl, almal maar tog te begerig om iets te ontvang.

Gister het daar egter 'n oorstroming plaasgevind, wat groot skade aangerig het, sodat ons verbaas was om reeds vanmôre vroeg nege mans en ag vrouens voor die kantoor te sien verskyn, saam met ongeveer 'n dosyn kinders.

Hulle het nie vinnig gestap nie, maar langsaam, soos die gewoonte van inboorlinge is. Hierdie slag was daar ou bekendes onder. In so 'n geval het die bestuurder daarvan gehou om hulle 'n bietjie te plaë en selfs te terge wat hy hierdie keer nie sou nalaat nie, want dit sou waarskynlik sy laaste kans wees, aangesien hy oor twee dae sou aftreë.

Die oomblik het gou aangebreek waarop aan elkeen 'n presentjie sou gegee word. Toe moes jy die oë sien opflikker: hiervoor was die hele reis mos ook onderneem. Aan elke vrou is 'n tjalie gegee, aan elke man 'n oorlosie van tien sielings; die kinders het elkeen 'n kleinigheidjie ontvang.

Die vrouens was tog te groots op hulle geskenk. Sommer van die staanspoor af was dit 'n gebabbel van die ander wêreld. Daar was natuurlik voor gesôre om baie in die ooglopende kleure te kies: so was daar geel tjalies onder, perses en swartbontes. Een vrou, so 'n kleintjie, kon maar nie uitgepraat raak oor die pragtige kleure van háar tjalie nie. Miskien sou die mans lieverste geld ontvang het, maar hulle was darem ook regtig baie ingenome met hulle present.

#### 16. HOE OENS LOUS LÔP GASKIET HAD.

Dat geheuge my nog goed hoe eek hoeka mit my tata sam lôp lous gaskiet had. Die goete had mos hier gekriewel in die dage. Piet Reingoed had oek mit (mot) hy se seuns en 'n paar newe sangagaan. Vroe-vroe had oens oppgastaan om te die deeng lôp vórlê.

Net mit die wat die son hy se bard daar uutsteek, was oens by die klompie boompjetjies, waar oens gerekend had hy moet wees.

Eek was nog mar 'n kêreltjie en had vreeslik gabang vir die ongedier. Soutjies had oens die bôme omgesingel. Partys moes deuskant bly om te die dier uutja, en my tata en eek en 'n paar van die beste skeuterse moes anderkant lôp vórlê.

Stadag had oens op oense knieë gakruup, toet oens oenderkant die beultjie in só 'n leegtetjie kom. My tata had my laans hom lê gamaak. Só had oens vir 'n lang reuk galê wag, toet oens 'n skôt hór val. Etsê, my hêr, moenie praat hoe Grieka se keend toe amper gadôd had van pure bang nie!

My tata was 'n kortgebondage man. „Jou meid!” skrou hy, „en ôrwaat sou eek jou sô lank galê leer had om te die roer gebruik, as jy hier nes ou vrou sô lê stan vrek-bang. Eek blô jou, as oens by die huus kom, sal eek jou lê breekslaan, orlat jy sô vrotsag ees.”

Met die wat my orle tata nog sô praat, my seur, sien oens net 'n gryse duwel wat breul van kwai, skeuns by oens verby ôr die knoppietjie drawe. „Skiet!” skrou ma tata, mar waat . . . Grieka se keend bewe sô lat hy sommer hier vlak vôr hom vasskiet, lat die stof sô trêk.

Daar was nie tyd om te vlôr nie, en toe my tata lostrêk, stêk die koeël hom môi net hier in hy se keultjie, en eek sien net die deeng vier-pôt in die leug gôe en neerslaan, sôs 'n dôie kleep.



# SAAK-REGISTER.

Die syfers verwys na die paragrawe. Versover ander tekens as die van die gewone alfabet gebruik word, is die volgorde die volgende: **a, a;** **b, b;** **c, c;** **d, d, d<sub>3</sub>, d<sub>5</sub>;** **e, e, e, ei, e;** **g, g, g;** **h, h;** **j, j;** **k, k;** **m, m, m,** **n;** **n, n, n, p, n;** **o, e, o;** **r, R;** **s, f;** **t, t, tn, t, t;** **w, v;** **x, x, z?**

**a**, 215 volg; **a > a:**, 219; **a x a:**, **xat x xa:t**, 222; **a < e**, 220; **a x e**, 220, 223; **a x o**, 221.

*aanloop*, 343.

*affrikaat*, 153, 2; wese en definiesie, 529-530; skeiding tussen affrikaat en eksplisief plus frikatief, 532; die Afrikaanse affrikate, 533.

*afloop*, 343.

*afsluitingsklank*: vorming en definiesie, 78; 153, opm. 1.

**ai** < **a**, 304; **ai** (:), 302-305; **ai**: < **a:**, 304; **ai**: < **a**, 305

*akoesties en organies*, 85-91.

*algemeen-beskaaf*, 23 volg.

*alweelaar*, 152, 3.

**ao**, 306.

*artikulasie*, 166.

*artikulasiebasis*, 167; *artikulasiebasis van Afrikaans*, 170 volg.

*artikuleer*, 168.

*asem*, 71.

*aspirasie*: *ongeaspireerd* en *geaspireerd*, 352.

*assibilasie*, 850-851.

*assimilasie*: definiesie, 834; geld sowel klinkers as medeklinkers, 831; algemene en baie verbreide taalverskynsel, 837; verskillend in te deel: *algemene of vaste ass.*, 838, i; *individuele ass.*, 838, i; *ass. deur posisie*, 838, iii; *progressiewe ass.*, 839, i; *regressiewe ass.*, 839, ii; *ass. sowel progressief as regressief*, 839, iii; *wederkerige ass.*, 739, iv; *gedeeltelike ass.*, 840; *volledige ass.*, 840; voorbeelde, 841; foneties beskou, kan assimiliasie van vierderlei aard wees, 842; assimiliasie in Afrikaans, 845-847; verhouding van assimiliasie tot oorgangsklanke, 848.

**au**, 306.

**a:**, 224 volg; **a:** > **a**, 227.

**b**: beskrywing, 402; plek en verbinding, 403-405.

**b > p**, 406-408.

**b > v**, 409-414.

*beskrywende (praktiese) fonetiek*, 52. *betekenis-aanduidend*, 161.

*bewegingsklank*: definiesie, 784.

*bilabiaal*, 152 (1).

*brei-R*, 703 volg.

**brə' > bər'**, 405.

**b**, 354

**c**: beskrywing van eerste lid, 457, 458; plek en verbinding van hierdie lid, 459-462; **c x k**, 463-464; **c** voorafgegaan deur oorgangsklank **i**, 465-470; beskrywing van die tweede lid, 471; plek van hierdie lid, 472-473.

**ç**: beskrywing, 641; plek, 643; gebied, 644, 646, 647; **ç x x**, 645; **ç** < **x** deur palatalisasie, 648.

**d**: beskrywing, 426-427; plek en verbinding, 428-429; **d x t**, 431-436; **d x l**, 437-438; **d x r**, 439-446; **d > i**, 448; **d** geasimileer aan **l, n** of **r**, 449-453; verdwyning van intervokale **d**, 454-455; invoeging van **d**, 456.

*diakrietiese tekens*, 121.

*diftonge (tweeklanke)*, 289 volg.

*dissibilasie*, 852.

*dissimilasie*, 849.

*drukklank*, 153 (5).

*duretiek*, 894, opm.

**d**, 354.

**d<sub>3</sub>**: beskrywing, 562; **d<sub>3</sub>** > **dəl**, 564; **d<sub>3</sub>** > **t**, 565.

**d<sub>5</sub>**: beskrywing van die drie lede, 550; plek van die lede, 551 en 553; **j x d<sub>5</sub>**, 552.

**e:**, 200-201; **e:** > **e**, 204; **e:** x **ei**, 206; **e:** x **φ:**, 205; **e:** > **ia:** **i** en **ii**, 202 en 203.

*eksplosief*, 153 (1); bestanddele: *afsluiting*, *sluiting* en *verbreking*, 347; *volledige eksplosief*, 347; *onvolledige eksplosief*, 362-367; *volledig-stemhebbende* en *gedeeltelik-stemhebbende eksplosiewe*, 353; waaraan 'n stemlose ekspl. te herken is, 356-361; aantal eksplosiewe in Afrikaans, 388.

*elokusie*: verhouding tot fonetiek, 947-953; waarde van fonetiek vir elokusionis, 953-957.

**ε**, 249-255; **ε** x **α**, 253; **ε** < **α**, 255.

**ε:**, 207-214; **ε:** < **ε**, 212.

**ei**(:), 300-301; **ei**(:) < **ε**, 301.

**ə**, 256-260; **ə** < verskillende volklinders, 259; **ə** > **a**, 260; **ə** > **ə:**, 258; **ə** > **i**, 259.

**ei**, 296-299; **ei** < **ə**, 299.

**φ:**, 276-283; **φ:** > **e:**, 281; **φ:** x **œy**, 282; **φ:** > **yə:**, 280.

beskrywing, 591; plek en verbinding, 592; gewone spelling, 593; verhouding tot **v**, 594; **f** > **v**, 595-602; oorsaak van oorgang, 603; **f** x **x**, 604; verdwyning van **f**, 605; **f** x **və**, 606-609.

*fluister*, 75-77.

*foneem* en *einlike klank*, 160 en 161.

*fonetiek*: definisie, 1; omvang, 508 volg.; waarde, 6 volg.

*fonetiese woordgroepe*: definisie, 943.

*fonologie* (*historiese fonetiek*), 52.

*foon*, 132, noot 2.

*frikatief*, 153 (3); *volledig-stemhebbend* en *gedeeltelik-stemhebbend*, 571; aard van die Afrikaanse frikatiewe, 573; hoe om die ander tiepe te leer uitspreek, 575; plek van die Afrikaanse, 577; aantal Afr. frikatiewe, 578.

*gehemelteklep*, 63.

*geleidlike begin*, 519 (i).

*gemeensame uitspraak* („slang”), 45, opm. 1 en 2.

*gemengde klinders*, 119.

*genasaleerd*, 157.

*gepalataliseerde medeklinders*, 497-499.

*golftop*, 858.

*gutturaal*, 152 (7).

**g**: beskrywing van eerste lid, 503; plek en verbinding van hierdie lid, 504; beskrywing van tweede lid, 505; plek van hierdie lid, 506; ontstaan van hierdie lid, 507; verhouding van die twee lede tot mekaar, 508; gebied van **g**, 510 en 516; assimilasië van **g** aan **r**, 511 en 513, aan **l**, 512; verdwyning van **x**, 514 en 516.

**ġ**, 354.

*halfkonsonant*, 132.

*halfvokaal*, 153 (8); definisie, 783; kenmerke, 784-789; 3 in Afrikaans: **w**, **j** en **h**.

*hardegehemelte*, 60.

*historiese fonetiek* (*fonologie*), 52.

*huig* (*kleintongetjie*), 61.

**h**: beskrywing, 800-803 en 805; plek, 804; **h** in *-hsit* verdwyn of > **x**, 806-810; **h** verdwyn in ander gevalle, 811; **h** geassimileer aan **r**, 812; **h** > **v**, 813; tiepe van **h** ingevoeg, 814-816; verhouding tot die Engelse **h**, 817-820, en tot die Nederlandse **h**, 821-822.

**i**, 193-196; **i** x **e:**, 199; **i** > **ə**, 197.

**i:**, 196.

*ingeasemde klanke*, 823-824; voorstelling in fonetiese skrif, 825; beperk tot paar gevalle in Afrikaans, 825-826.

*instrumentele fonetiek*: standpunt van ouer fonetisisme, 959; waarom term „eksperimenteel” af te keur is, 960; waarde en vordering van instrumentele fonetiek, 961 volg.

*intonasië*: definisie, 906; voorstelling in fonetiese skrif, 910.

**iu**, 293.

**iu:**, **eo:**, 292-295; **iu:**, **eo:** x **e:**, 295, x **i:**, ald., x **ou**, 295; **iu:**, **eo:** > **e:v**, 293, opm.

**j**: as frikatief: beskrywing, 651; gebied, 653-654; gefluisterde *ja*, nl. *ja*, 655; **j** as halfvokaal. <sup>cc</sup> beskrywing, 794; plek, 795-797,



- verhouding tot die Engelse en die Nederlandse **j**, 798; die halfvokaal vervang deur die frikatief, 799.
- j**: beskrywing, 474; plek, 474-475.
- k**: beskrywing van eerste lid, 478; plek en verbinding van hierdielid, 479; beskrywing van die tweede lid, 480; plek van hierdie lid, 481; ontstaan van hierdie lid, 482; verskil tussen die twee lede, 483; **k** > **g**, 486-487; verdwyning van **k**, 488; **k** < vreemde **g**, 489-490; **k** < **t**, 491; **k** < **x**, 492; **k** > **c**, 493-495.
- kakuminaal*, 832 en noot 1.  
*kardinale vokaalkaart*, 97.  
*keeldeksel*, 69.  
*keelholte*, 67.  
*keelkleppie-vokaal*, 133.  
*kimograaf*, 973 volg.
- kl** > **tl**, 559.
- klankrykheid (sonoriteit)*, 137.  
*klapklank*: wese en vorming, 827-829; voorstelling in fonetiese skrif, 830; betekenis aanduidend en talryk in sommige tale, 831; paar in Afrikaans, maar nie eintlik spraakklanke nie, 832-833.
- klapper*, 153, opm. 1.  
*kleintongetjie (huig)*, 61.
- klem*: definisie, 871; verhouding tot toon, 872; *hoofklem*, *byklem* en *swak klem*, 873; *sinsklem* en *woordklem*, 874; invloed van klem op lengte, 875; *oratoriese klem*, 876; *logiese klem*, 877; watter woordsoorte gewoonlik die klem dra, 878; invloed van klem op klankverandering, 879-880; klem verskuiwing, 881.
- konsonant (medeklinker)*: vorming en definisie, 78, 79, 81, 82; *dubbel* en *lang konsonante*, 377-385; plek en afwisseling van stemlose en stemhebbende konsonante in Afrikaans, 370-372; *sillabiese konsonante*, 386-387; volgorde van konsonante in Afrikaans, 373.
- krə** > **kər**, 485.  
*kwaliteit* („timbre”), 102.
- ķ**: beskrywing, 500; plek, 496.
- l**: beskrywing, 722; kant wat oop is in Afrikaans, 723; punt van sluiting, 724; plek, 726; kenmerkende van **l**, 727-730; veroorsaak ronding van klinker, 731; ontwikkel naslag, 732-736; **l** < **d**, 737; **l** geassimileer aan **k** en **j**, 737.
- labiodentaal*, 152 (2).  
*lengte (kwantiteit)*: definisie, 891; verskillende grade: *kort*, *halfflank*, *lank*, *ekstra-kort*, *ekstra-lank*, 893; voorstelling van lengte in fonetiese skrif, 895; konsonantlengte, 898; vokaallengte, 900-901.
- lettergreep (sillabe)*: definisie, 854; waarop dit berus, 856 volg.; indeling in lettergrepe, 866-870; *oop* en *geslote lettergrepe*, 865.
- likwiede*, 158.
- lippe*: *gerond*, *gesprei*, *neutraal*, 107, opm.; *gerond*, *spleetvormig*, *neutraal*, 116.
- m**: beskrywing, 741; verhouding tot **b**, 742; plek en verbinding, 743-744; **m** as stemlose frikatief, nl. **m̥**, 745.
- medeklinker* manier van beskrywing, 155.
- momentane klank*, 84.  
*mondholte*, 67.  
*mondvokale (orale vokale)*, 113 (i).
- m̥**, 745.
- m̥**: beskrywing en omvang van gebied, 747-749.
- m̥**: beskrywing, 750; plek, 751 verskil tussen **m̥** en **m**, 753.
- n**: beskrywing, 754-755; verhouding tot **d**, 756; plek en verbinding, 758-759; **n** as stemlose frikatief, nl. **n̥**, 760.
- nadruk* of *waardedruk*, 888.  
*nasaal*, 153 (7); wese, 738; as verouingsklank beskou, 739; aantal in Afrikaans, 740.  
*nasaalvokale (neusvokale)*, 113 (ii).  
*nasalering*, 324-333.  
*neusholte*, 69.
- n̥**, 760.
- n̥**: beskrywing en plek, 761-762.
- n̥**: beskrywing, 763; verhouding tot

- j**, 764; plek, 765-766; **p x n**, 767 en 769; verdwyning van **p**, met nasalering van voorafgaande klinker, 768.
- η**: beskrywing, 771; verhouding tot **g**, 772; plek en verbinding, 773-774; verdwyning, met nasalering van die voorafgaande klinker, 775 (i); **η x n**, 775 (ii), 776-777; **η > m**, 774, (iv); voorstelling in gewone spelling, 778; **η** by verkleinwoorde, 779-780; **η** as stemlose frikatief, nl. **h**, 781; **h x<sup>x</sup>**, 782.
- o**., 235 volg.; **o**: > **o**, 237; **o**: > **ɔ**, 237; **o**: > **ɔ**, 240; **o**: > **u**, 237; **o**: > **u** of **uu**, 238; **o**: > **uə**., 238.
- oi**., 311-314; **oi**: < **o**., 314.  
*ontploffing*, 349-350; *abnormale ontploffing*, 368; *foukale en laterale ontploffing*, ald.  
*oorgangsklank*, 334-346; definisie, 335, 342, 346.  
*oortrekking* van medeklinker, 527.  
*oraal*, 157.  
*orale vokale (mondvokale)*, 113 (ii).  
*organies en akoesties*, 85-91.  
**ou**, 309-310.
- œ**, 284-288; **œ** > **ə**, 287; **œ** > **φ**., 288; **œ** > **æ**., 286.  
**œy**(:), 319-323; **œy** > **ei**, 323; **œy** < **æ**, 321.
- ɔ**, 261-267; **ɔ** > **oi**., 266; **ɔ** > **u**, 265; **ɔ** < Eng. **ʌ**, 267.  
**ɔ**., 229-234; **ɔ**: < **ɔ**, 231.  
**ɔi**, 308; **ɔi** < **ɔ**, 308.  
**ɔi**., 307; **ɔi**: **x** **ɔi** **x** **oi**., 307.
- p**: beskrywing, 389; plek en verbinding, 390-392; **p** > **b**, 397-401; **p** > **v**, 397-399.  
*palataal*, 152 (4).  
*palatogram* en *palatografie*, 971.  
**plə** > **pəl**, 393-396.  
*plotselinge begin*, 519 (ii).  
*praktiese (beskrywende) fonetiek*, 52.  
**prə** > **pər**, 393-396.  
*prominensie*, 145 (ii), *a*, noot 1.  
*provinsialisme*, 430 volg.
- r**: beskrywing, 693-695; plek, 696; verleng **i**, **y** en **u**, 697-698; verdwyning, 699; invoeging, 700.  
*sonansruimte*, 89.
- ritme*: wese, 919-921; waarop dit berus, 921 volg.  
*ronding*: voor- en agterroning, onder- en oorronding, 117.
- R**: beskrywing van eerste lid, 704-708; beskrywing van tweede lid, 709-712; gebied van **R**, 713-716; ontstaan van **R**, 717; **R** > **r**, 718-721.
- s**: beskrywing, 617-618; plek en verbinding, 619; **s** < vreemde **f** of **ʒ**, 620-622; **s** > **θ**, 623-624.  
*sagteghemelte*, 60.  
*sandhireëls*, 843; sandhireëls vir Afrikaans, 844-845.  
*sillabies*, 113 (ii); konsonante kan ook sillabies voorkom, 861; sillabiese konsonante in Afrikaans, 862-864.  
*sleutelwoorde*, 95.  
*sluitingsklank*, 348.  
*sonoriteit (klankrykheid)*, 83; definisie, 854; relatiewe sonoriteit van klanke, 855.  
*spraakklank*: definisie, 2.  
*standaarduitspraak*, 23 volg.  
*stem*, 71.  
*stembande*, 70.  
*stembandeksploesief*, 71.  
*stemhebbende klanke*, 72.  
*stemlose klanke*, 72.  
*stemspleet*, 70.  
*sterk en swak vorme*: definisie, 932-933; waarop dit berus, 934-938; verbreiding in Afrikaans, 938.  
*strottehoof*, 68.  
*styl*: *verhewe voordragstyl*, *versigtige omgangstyl*, *vlugge omgangstyl*, 955.  
*syklank*, 153 (6); 722 volg.
- f**: beskrywing, 629; verhouding tot **s**, 630; kenmerkende eienskappe van **f**, 631-634; plek, 635-636; **f x x**, 637; **f** i.p.v. **ç**, 636 (ii), en 638; **f x s**, 639-640.
- t**: beskrywing, 415-416; plek en verbinding, 417; wegval van **t**, 419-422; **t** > **d**, 423-425.  
*tandwortels*, 60.  
*tiepe van uitspraak*, 37 volg.  
*toneelfluister*, 77.  
*toneem*: definisie, 918; vgl. ook 132, noot.  
*tonetiek*: definisie, 894, opm. en 918. Vgl. ook 132, noot 2.



*tong*: agter, blad, middel, punt, voor, 65.

*toon*: voorstelling in fonetiese skrif, 910; soorte van toon, 908 en 911-912; toon en klem nou verbonde in Afrikaans, 913; voorbeelde van toon in Afrikaans, 914-917.

*toonhoogte* („pitch”), 101.

*toonsterkte* (*intensiteit van toon*), 105.

*transkripsie*: breed of getrou, 162.

*trifong*, 294, noot 1.

*triller*, 153 (4); 693 volg.

*tweeklanke* (*diftong*): definiesie, 140; *normale* en *abnormale* tweeklanke, 145 (i); *wye* en *nou tweeklanke*, 145 (i), opm.; *stygende*, *gelykmatige* en *dalende diftonge*, 145 (ii), *a-c*; behandeling van die Afrikaanse tweeklanke, 289 volg.

**t**: beskrywing, 554; plek, 555-556; verskil tussen **t** en **t + l**, 557; **t** < **dl**, 558; **t** < **k + l**, 559; verklaring en gebied van hierdie oorgang, 560-561.

**tn**: beskrywing, 567; plek, 566; gebied, 568; ontstaan, 569.

**ts**: beskrywing, 534; plek, 535-536.

**tʃ**: beskrywing en akoestiese effek van eerste lid, 538-539; plek van hierdie lid, 540-541; beskrywing en akoestiese effek van tweede lid, 542-543; plek van hierdie lid, 544-545; beskrywing en akoestiese effek van derde lid, 546; plek van hierdie lid, 547-548; **c x tʃ**, 549.

**u**, 241-247; **u x ɔ**, 246; **u > u:**, 243; **u x y**, 245.

**ui(:)**, 315-318; **ui > u**, 317; **ui < u**, 317-318.

*uwelaar*, 152 (6).

**v**: beskrywing, 610; plek, 611; al of nie verdwyning van **v**, 615; verdwyning deur assimilasië, 616.

*vals stembande*, 77.

*velaar*, 152 (5).

*vernouingsklank*: vorming en definiesie, 78.

*vokaal* (*klinker*): vorming en definiesie, 78-80, 82; die studie van vokale, 92-101; indeling en beskrywing van vokale, 102 volg.; *abnormale vokale*, 116, 268 volg.; *gemengde vokale*, 111; *genasaleerde vokale* (*nasaal-orale v.*), 113 (iii); *geslote*, *halfgeslote*, *halfoop* en *oop vokale*, 115; *gespanne*, *ondergespanne* en *ongespanne vokale*, 119; *hoë* en *laë vokale*, 114 (a); *kardinale vokale*, 106 volg., 119; *primêr-* en *sekondêr-kardinale vokale*, 119, noot 2; kwaliteit van vokale, 135; manier van beskrywing van vokale, 131; *middelhoë* en *middellae vokale*, 114 (a); vergelyking tussen die Afrikaanse en die kardinale vokale, 122 volg.; *voor-*, *tussen-* en *agtervokale*, 114 (b) (i).

*vokaalwerk*, 132.

*voortsettingsklank* (*kontinuant*), 84.

*ulgêrisme*, 45 volg.

**w**: beskrywing, 791; gebied, 792-793.

**v**: beskrywing van eerste lid, 580; plek van hierdie lid, 581-582; beskrywing van tweede lid, 583; plek van hierdie lid, 581 en 584; beskrywing van derde lid, 585-586; gebied van die foneem, 587-588; nuanses van **v**, 589 verskil tussen **v** en **w**, 590.

**x**: beskrywing van eerste lid, 658; plek en verbinding, 659; beskrywing van tweede lid, 660; plek van hierdie lid, 661; verhouding van die twee lede tot mekaar, 662-663; verhouding van die foneem tot Ndl. **x**, 664; sinkopee van **x**, 665-669; **x > g**, 510, 516-517; behoud van **x**, 665, 671-672; **x > k**, 492; verdwyning van **x**, 675-676; **x** vervang deur **v**, 676; al of nie sinkopee van **x**, 678-681; **x > ç**, 643 volg.; **x > f**, 636 (ii); agter-velêre **x**, 685; **x̄**, 686.

**xrə > xər**, 673.

**x**: beskrywing, 688; plek, 687, 690, 691; gebied, 687, 689-690.

y, 269-275; y > i, 272; y x ou,  
275; y < œy, 274.  
y:, 271.

z: beskrywing en plek, 625-628.

? (*stembandeksplosief*): beskrywing

520; ontstaan en plek, 518-519,  
521-528; waarneembaarheid van  
?, 522-523; afwesigheid van  
? by geleidelike oorgang, 524,  
by oortrekking van die mede-  
klinker, 527; ? vervang deur  
h of j, 526.